basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GEOGRAFIE V1

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n 12 bladsy-bylae.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 100 punte elk.

3. ALLE diagramme is in die BYLAE ingesluit.

4. Nommer AL jou antwoorde in die MIDDEL van die reël.

5. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.

6. Begin elke vraag boaan 'n NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. MOENIE in die kantlyne van jou ANTWOORDEBOEK skryf nie.

9. OMKRING die nommers van die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van jou ANTWOORDEBOEK.

10. Waar moontlik, illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KLIMAAT EN WEER, FLUVIALE PROSESSE EN STRUKTUURLANDVORME

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

## VRAAG 1

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 wat die driesel-model voorstel. Kies 'n benaming vanaf die skets wat die beste by die stellings hieronder pas.

1.1.1 Die konvergensiesone waar 'n warm en koue lugmassa ontmoet (2)

1.1.2 Hierdie sel is die swakste van die drie selle (2)

1.1.3 Die vorming van hierdie sel is aan hoë oppervlaktemperature toe te skryf (2)

1.1.4 Die naam van die globale drukgordel wat ontstaan as gevolg van dalende koue lug by die 30°-breedtelyn (2)

1.1.5 Hierdie drukgordel word met donderstorms geassosieer as gevolg van die konvergensie van warm winde (2)

1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 wat die verskillende profiele en aansigte van 'n rivier voorstel en beantwoord die vrae wat volg.

1.2.1 SKETS 1 toon 'n (lengteprofiel/planaansig) van 'n rivier. (1 x 2) (2)

1.2.2 SKETS 2 toon 'n (lengteprofiel/dwarsprofiel) van 'n rivier. (1 x 2) (2)

1.2.3 Pas die afbakenings in SKETS 1 by die profiele (**X**, **Y**, **Z**) in SKETS 2:

(a) **A–B** (1 x 2) (2)

(b) **C–D** (1 x 2) (2)

(c) **E–F** (1 x 2) (2)

1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat die pad en uitwerking van tropiese sikloon Yasi weergee.

1.3.1 Op watter datum het sikloon Yasi die kus van Australië getref? (1 x 2) (2)

1.3.2 Noem TWEE toestande wat die ontwikkeling van Yasi kon begunstig. (2 x 2) (4)

1.3.3 Watter bewys uit FIGUUR 1.3 dui daarop dat siklone algemeen in Australië voorkom? (1 x 2) (2)


MPUMALANGA

1.3.4 Verduidelik wat jy onder 'n *kategorie-vyf-sikloon* verstaan. (2 x 2) (4)

1.3.5 Verwys na die stelling 'plaaslike inwoners het oor 'n ongewone halfuur in die oog van die storm berig'.

(a) Waarom beskryf hulle die weerstoestande in die oog as ongewoon? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik wat veroorsaak die ongewone toestande in die oog. (1 x 2) (2)

1.3.6 Wat is die plaaslike naam vir tropiese siklone in Australië? (1 x 2) (2)

1.3.7 Waarom dink jy sal Australië 'n doeltreffende noodprogram gereed hê om natuurrampe te hanteer? (1 x 2) (2)

1.4 FIGUUR 1.4 is 'n spotprent wat die aandag op klimaatsveranderingkwessies en die gevolge daarvan vestig.

1.4.1 Wat verstaan jy onder die term *klimaatsverandering*? (1 x 2) (2)

1.4.2 Verduidelik hoe dit moontlik is om oorstromings met petrolverbruik te verbind. (2 x 2) (4)

1.4.3 Volhoubare maatreëls moet getref word om die uitdagings wat met oorstromings geassosieer word, die hoof te bied. Skryf 'n enkele paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy moontlike oplossings bespreek wat plaaslike munisipaliteite kan gebruik om die gevolge van oorstromings te verminder. (6 x 2) (12)

1.5 Die impak van verstedeliking op 'n vloeihidrogram word in FIGUUR 1.5 voorgestel.

1.5.1 Verduidelik die konsep *vloedpiek/piekvloei*. (1 x 2) (2)

1.5.2 Hoeveel was die piekvloei voor verstedeliking? (1 x 2) (2)

1.5.3 Beskryf TWEE veranderinge sigbaar in die piekvloei in die vloeihidrogram na verstedeliking. (2 x 2) (4)

1.5.4 Watter rol speel bome in die beheer van die water in rivierkanale? (1 x 2) (2)

1.5.5 Noem TWEE negatiewe gevolge wat die verwydering van bome op die omgewing het. (2 x 2) (4)

1.5.6 Die toename in verstedeliking in Suid-Afrika vereis effektiewe bestuur van riviere. Skryf 'n enkele paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy moontlike maatreëls voorstel om die negatiewe gevolge van verstedeliking op riviere te verminder. (6 x 2) (12)

Kopiereg voorbehou

1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat op strukturele landvorme gebaseer is. Landvorm **B** is 'n cuesta.

1.6.1 Identifiseer hang **C**. (1 x 2) (2)

1.6.2 Gee bewyse vanaf die diagram vir jou antwoord op VRAAG 1.6.1. (1 x 2) (2)

1.6.3 Stel TWEE maniere voor waarop rûens, soos cuestas, betekenisvol vir die mens is. (2 x 2) (4)

1.6.4 Beantwoord die volgende vrae oor hangelemente:

(a) Identifiseer hangelement **A**. (1 x 2) (2)

(b) Gee TWEE kenmerke van hangelement **A**. (2 x 2) (4)

**[100]**

**VRAAG 2**

2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 wat lugbeweging in 'n vallei toon. Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Die valleiwind gemerk **A** is 'n (katabatiese/anabatiese) wind. (2)

2.1.2 Hierdie wind kom gedurende die (dag/nag) in valleie voor. (2)

2.1.3 Daar word ook hierna verwys as 'n (hellingopwaartse/ hellingafwaartse) wind. (2)

2.1.4 Die sone gemerk **B** is die (termiese gordel/rypholte). (2)

2.1.5 Die vorm van neerslag wat by **C** ondervind is, is (ryp/sneeu). (2)

2.2 Voltooi die stellings oor fluviale landvorms en prosesse hieronder deur na FIGUUR 2.2 te verwys. Gebruik die woorde wat in die lysie hieronder verskaf word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| standhoudend; oewerwal; hoefystermeer; delta; meander; vloedvlakte |
|---|

2.2.1 **A** is 'n verskynsel wat gevorm word wanneer 'n kronkel van die buiging van 'n rivier afgesny word. (2)

2.2.2 **B** ontwikkel wanneer gruis en slik op die rivier-oewerwalle akkumuleer en veroorsaak dat die wal hoër word. (2)

2.2.3 Gelyk grond wat aan oorstromings blootgestel word en wat langs die rivier is, word 'n **C** genoem. (2)

2.2.4 **D** is 'n term wat gebruik word om 'n rivier te beskryf wat dwarsdeur die jaar vloei. (2)

2.2.5 Gedeelte **E** van die rivier word 'n ... genoem. (2)

Kopiereg voorbehou 
MPUMALANGA

2.3 Bestudeer die sinoptiese weerkaart in FIGUUR 2.3 en beantwoord die vrae wat volg.

2.3.1 Noem die antisikloon gemerk **B**. (1 x 2) (2)

2.3.2 Gee 'n rede waarom drukstelsels **B** en **C** as antisiklone bekend staan. (1 x 2) (2)

2.3.3 'n Groep studente moet op dié dag wat deur die sinoptiese weerkaart verteenwoordig word, op 'n veldwerktoer na Durban gaan. Watter temperatuur sal hulle op die dag van hul veldwerktoer ervaar? (1 x 2) (2)

2.3.4 Beskryf kortliks hoe die front, gemerk **D**, gevorm word. (2 x 2) (4)

2.3.5 Noem die weerstelsel gemerk **A**. (1 x 2) (2)

2.3.6 In watter algemene rigting beweeg die weerstelsel **A**? (1 x 2) (2)

2.3.7 Sal weerstelsel **A** moontlik die weerstoestande van Kaapstad binne die volgende 24 uur beïnvloed? Verduidelik jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.3.8 Wat is die betekenis van weerstelsels soos **A** vir boerdery in die Wes-Kaap-gebied in die winter? (1 x 2) (2)

2.4 FIGUUR 2.4 is 'n spotprent wat op 'vreemde weer' in Durban gebaseer is.

2.4.1 Identifiseer en beskryf die weerverskynsel gemerk **A**. (2 x 2) (4)

2.4.2 Beskryf 'n stormopwelling deur die letter **B** voorgestel. (1 x 2) (2)

2.4.3 Stel 'n moontlike rede vir die vreemde weer voor wat in die spotprent genoem word. (1 x 2) (2)

2.4.4 Stygende temperature in stede, soos sigbaar in FIGUUR 2.4, het tot veranderende weerpatrone aanleiding gegee. Skryf 'n enkele paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy die gevolge van veranderende weerpatrone vir kusstede soos Durban bespreek. (6 x 2) (12)

2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat 'n dreineerbekken illustreer.

2.5.1 Definieer die term *dreineerbekken*. (1 x 2) (2)

2.5.2 Identifiseer die dreineerpatroon gemerk **A**. (1 x 2) (2)

2.5.3 Beskryf die weerstandbiedendheid van die onderliggende gesteentestruktuur wat moontlik in hierdie landskap gevind sal word. (1 x 2) (2)

2.5.4 Beskryf die roete wat die water (presipitasie) moet volg om as deurvloei geklassifiseer te word. (1 x 2) (2)

2.5.5 Noem, met 'n rede, watter van die volgende waterbewegings, oppervlakafloop of grondwatervloei, die kortste tyd sal neem om die rivier te bereik. (2 x 2) (4)

2.5.6 Assesseer die impak wat die verwydering van plantegroei by die oorsprong van die rivier sal hê op die volgende:

(a) Infiltrasietempo (1 x 2) (2)

(b) Stroomafvloei (Uitset) (1 x 2) (2)

2.6 FIGUUR 2.6 is 'n foto van 'n tor/stapelrots.

2.6.1 Van watter tipe gesteente het tors/stapelrotse hul oorsprong? (1 x 2) (2)

2.6.2 Beskryf kortliks hoe 'n tor/stapelrots lyk. (1 x 2) (2)

2.6.3 Beskryf die ontwikkeling van 'n tor/stapelrots. (3 x 2) (6)

2.7 Bestudeer FIGUUR 2.7 wat op massabeweging gebaseer is.

2.7.1 Vergelyk FIGUUR 2.7A en 2.7B en noem hoe die bou van die hotel die hang kon laat verskuif het. (1 x 2) (2)

2.7.2 Menslike aktiwiteit is een van die hoofoorsake van massabeweging. Skryf 'n enkele paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy moontlike oplossings voorstel om massabeweging te voorkom. (6 x 2) (12)
**[100]**

**AFDELING B: MENSE EN PLEKKE: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS, MENSE EN HULLE BEHOEFTES**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 3**

3.1 Bestudeer FIGUUR 3.1 wat 'n aantal nedersettings illustreer. Pas die letters (A–E) op die FIGUUR by die tipe nedersetting wat hieronder genoem is. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Lineêre (2)

3.1.2 Droëpunt-standplaas (2)

3.1.3 Vragverbrekingspunt (2)

3.1.4 Gespesialiseerde dorp (2)

3.1.5 Verdedigingstandplaas (2)

3.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.2.1 | Ontginning van grondstowwe uit die natuur | A | brugnywerhede |
| 3.2.2 | Nywerhede wat naby kontak met hul verbruikers vereis | B | bruto nasionale produk |
| 3.2.3 | Nywerhede wat hulle tussen die bron van grondstof en die kliënt gevestig is | C | grondstofgeoriënteerd |
| 3.2.4 | Nywerhede waarin die grondstof baie van sy gewig tydens prosessering verloor | D | primêre aktiwiteite |
| 3.2.5 | Totale waarde van goedere en dienste deur die permanente inwoners van 'n land geproduseer | E | bruto binnelandse produk |
| | | F | markgeoriënteerde nywerhede |

(5 x 2) (10)

3.3 FIGUUR 3.3 is 'n sketskaart wat die grondgebruik van 'n stad toon.

3.3.1 Verklaar die ligging van die SSK/SSG gemerk **A**. (1 x 2) (2)

3.3.2 Noem TWEE kenmerke van die SSK/SSG. (2 x 2) (4)

3.3.3 Watter grondgebruiksone beslaan die grootste deel van die stad? (1 x 2) (2)

3.3.4 Grondgebruiksone **B** is die oorgangsone. Beskryf TWEE faktore wat tot stedelike verval in hierdie sone aanleiding gee. (2 x 2) (4)

3.3.5 'Groenmaak' van stede word al hoe belangriker as gevolg van aardverwarming.

(a) Watter bewys is daar dat hierdie beleid geïmplementeer word? (1 x 2) (2)

(b) Bespreek TWEE voordele van die 'groenmaak' van stede. (2 x 2) (2)

3.4 Bestudeer FIGUUR 3.4 wat 'n model van 'n nie-volhoubare stad toon.

3.4.1 Verduidelik wat jy onder die term *volhoubare stad* verstaan. (1 x 2) (2)

3.4.2 NoemTWEE faktore wat 'n stad nie-volhoubaar maak. (2 x 2) (4)

3.4.3 Stel TWEE maatreëls voor wat 'n stad kan tref om volhoubaar te word. (2 x 2) (4)

3.4.4 Skryf 'n enkele paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy 'n oorsig gee van die gevolge van besoedeling op die gesondheid, omgewing en ekonomie van 'n stad. (6 x 2) (12)

3.5 Lees die aangepaste koerantartikel getiteld 'Uittog van kommersiële verbouers 'n bedreiging vir Suid-Afrika se voedselsekerheid'.

**UITTOG VAN KOMMERSIËLE BOERE 'N BEDREIGING VIR SUID-AFRIKA SE VOEDSELSEKERHEID**

Landboudeskundiges waarsku dat die landbousektor in Suid-Afrika in die moeilikheid is en het 'n versoek tot die regering gerig om op te tree om kommersiële boere te keer om die land te verlaat. Tans verlaat een suiwelboer die bedryf elke week omdat hulle nie geld maak nie. Hulle het hoë-koste-produsente geword.

Suid-Afrika as 'n land begin al hoe meer invoer. Die langtermyngevolg is dat voedsel duurder gaan wees. Die armes sal swaarkry, omdat hulle 40–50% van hul inkomste op voedsel spandeer. Op 'n tydstip waar voedselsekerheid 'n groot kwessie in die wêreld is, is dit sekerlik 'n probleem dat Suid-Afrikaanse boere die land verlaat.

[Aangepas uit *Sunday Times* (Sipho Masondo)]

3.5.1 Verduidelik die konsep *kommersiële boerdery.* (1 x 2) (2)

3.5.2 Gee EEN rede waarom Suid-Afrika 'n hoëkoste-produsent word. (1 x 2) (2)

3.5.3 Noem EEN gevolg daarvan om meer voedsel na Suid-Afrika in te voer. (1 x 2) (2)

3.5.4 Alle rolspelers moet dringend maatreëls instel om voedselsekerheid in Suid-Afrika te verbeter. Skryf 'n paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy 'n paar maatreëls verduidelik wat ingestel kan word om voedselsekerheid te verbeter. (6 x 2) (12)

3.6 Verwys na die spotprent getiteld 'Gebonde Hulp' in FIGUUR 3.6.

3.6.1 Sal jy die verhouding tussen die ontwikkelende en ontwikkelde lande in die spotprent as vrye handel beskryf? Verduidelik jou antwoord. (2 x 2) (4)

3.6.2 Noem TWEE maatreëls wat Suid-Afrika ingestel het om invoere na ons land te beperk. (2 x 2) (4)

3.6.3 Ontwikkelende lande soek hulp wanneer hulle 'n ongunstige handelsbalans het. Wat is 'n *ongunstige handelsbalans*? (1 x 2) (2)

3.6.4 Noem TWEE nadele van 'n ongunstige handelsbalans. (2 x 2) (4)

3.6.5 'n Sterk ekonomiese sektor is die sleutel tot verbetering van 'n ongunstige handelsbalans. Bespreek die belangrikheid van die sekondêre sektor vir Suid-Afrika se ekonomie. (4 x 2) (8)

**[100]**

## VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Die sentraleplekteorie verduidelik die relatiewe grootte en spasiëring van nedersettings. (2)

4.1.2 'n Voorbeeld van hoë-orde-goedere is brood. (2)

4.1.3 Die minimum afstand wat mense bereid is om te reis om goedere en dienste te koop, word reikwydte genoem. (2)

4.1.4 Drempelbevolking verwys na die minimum getal klante benodig om 'n besigheid winsgewend te maak. (2)

4.1.5 Die gebied waarvandaan 'n nedersetting sy klante trek, word 'n stedelike veld genoem. (2)

4.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.2.1 Handel | A lande wat gemeenskaplike markte of handelsooreenkomste het |
| 4.2.2 Invoer | B nywerheidslandgoede gemik op ekonomiese en nuwe beleggings |
| 4.2.3 Desentralisasie | C koop en verkoop van goedere en dienste |
| 4.2.4 Handelsblokke | D beweging van aktiwiteite weg van oorgesentraliseerde gebiede af |
| 4.2.5 Nywerheids-ontwikkelingsones | E kommoditeit wat in 'n land ingebring word |
| | F verskuiwing van nywerhede na kerngebiede |

(5 x 2) (10)

4.3 Baie mense verlaat hul plase om in groot stede te gaan woon.

4.3.1 Wat noem ons die beweging van mense vanaf plase om in groot stede te gaan woon? (1 x 2) (2)

4.3.2 Stel TWEE stootfaktore voor wat veroorsaak dat mense hul plase verlaat. (2 x 2) (4)

4.3.3 Noem TWEE negatiewe gevolge wat hierdie beweging moontlik vir stede inhou. (2 x 2) (4)

4.3.4 Volhoubare maatreëls om mense aan te moedig om in landelike gebiede te bly, is nodig. Skryf 'n enkele paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy 'n oorsig van 'n paar idees vir die regering gee om landelike ontvolking te verminder. (6 x 2) (12)

4.4 FIGUUR 4.4 toon die ligging van informele nedersettings in die stad Nairobi in Kenia.

4.4.1 Beskryf die ligging van die informele nedersettings. (1 x 2) (2)

4.4.2 Noem TWEE sosiale probleme wat met hierdie nedersettings geassosieer word. (2 x 2) (4)

4.4.3 Stel TWEE maatreëls voor wat ingestel kan word om die lewens van mense wat in informele nedersettings woon, te verbeter. (2 x 2) (4)

4.4.4 Verduidelik waarom beide die Mathaterivier en Ngongrivier moontlik besoedel kan wees. (2 x 2) (4)

4.4.5 In postapartheid-Suid-Afrika is 'n aantal grondhervormingsbeleide ingestel om die probleme geassosieer met die gebrek aan grond op te los. Noem TWEE van hierdie beleide. (2 x 2) (4)

4.5 Bestudeer die tabel (FIGUUR 4.5) oor die bydrae-persentasie van geselekteerde aktiwiteite tot die BBP van Suid-Afrika.

4.5.1 Waarvoor staan die afkorting *BBP*? (1 x 2) (2)

4.5.2 Watter ekonomiese sektor lewer, volgens die tabel, die grootste bydrae tot die BBP? (1 x 2) (2)

4.5.3 Noem waarom die informele sektor nie in die tabel verteenwoordig word nie. 1 x 2) (2)

4.5.4 Gee TWEE redes vir die ontwikkeling van 'n sterk informele sektor in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

4.5.5 Daar bestaan 'n behoefte om die informele sektor in die nabye toekoms te reguleer, alhoewel daar baie uitdagings in hierdie verband is. Skryf 'n enkele paragraaf (ongeveer 12 reëls) om 'n paar uitdagings wat deur informele handelaars ondervind word, te verduidelik. (6 x 2) (12)

4.6 Lees die aangepaste koerantartikel getiteld 'Waterkrisis teen 2020', hieronder.

**WATERKRISIS TEEN 2020**

Suid-Afrika word deur 'n waterkrisis in die gesig gestaar en kan so vroeg soos 2020 tekorte ondervind, het deskundiges die Suid-Afrikaanse Water-en-Energieforum vertel. Mike Muller het aan afgevaardiges gesê dat ' 'n krisis dreig … as ons nie nou paniekerig raak en reageer nie, sal ons teen 2020 in 'n krisis wees'. Die tekorte sal grootliks te wyte wees aan wateraanvraag wat die -aanbod oorskry en tot 'n mindere mate swak waterkwaliteit as gevolg van agteruitgang van infrastruktuur. Ander faktore wat ook daartoe sal bydra, sluit lekkende pype en die diefstal van water deur boere langs die Vaalrivier in.

Regerings en munisipaliteite moet onmiddellik waterinfrastruktuur bou. Dit is ook belangrik dat maatskappye hul watervoetspoor verstaan. Maatskappye in Europa speel met die idee om detail te versamel oor die watervoetspoor van elke item wat hulle verkoop.

[Aangepas uit *Times*, 15 Februarie 2011]

4.6.1 Identifiseer TWEE redes wat in die artikel genoem word waarom 'n waterkrisis teen die jaar 2020 verwag word. (2 x 2) (4)

4.6.2 Noem TWEE wateroordragskemas wat ontwikkel is om die water in Gauteng aan te vul. (2 x 2) (4)

4.6.3 Bespreek TWEE nadele wat met die bou van damme in Suid-Afrika geassosieer word. (2 x 2) (4)

4.6.4 Stel DRIE maatreëls voor wat deur die regering ingestel kan word om ons watervoorraad te beheer en beter te bestuur. (3 x 2) (6)
**[100]**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou